



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo  
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys  
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

## **GRAAD 12**

## **JUNIE 2026**

### **WISKUNDIGE GELETTERDHEID V1**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Skryf jou VOLLE NAAM en VAN op die voorblad van die ANTWOORDEBOEK.
2. Die vraestel bestaan uit VIER VRAE. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.
3. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
4. Jy mag gepaste wiskundige instrumente gebruik.
5. Toon ALLE formules en substitusies in ALLE berekeninge.
6. Rond jou finale numeriese antwoorde tot 'n minimum van TWEE desimale plekke af.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Vir watter kortings kwalifiseer 'n 76-jarige in Suid-Afrika?

- A Mediese belastingkrediet
  - B Drempel
  - C Primêr
  - D Al drie kortings
- (2)

1.1.2 Een van die volgende is NIE 'n stap in datahantering NIE.

- A Insameling van data
  - B Opsomming van data
  - C Klassifikasie van data
  - D Vraelys
- (2)

1.1.3 Die prys van 'n burger by Spur op 'n Maandag spesiaal word as R84,50 gekwoteer. As die bestuurder beweer dat dit die helfte van die oorspronklike prys is, dan sal die prys van die burger ... op Dinsdag wees.

- A R100,00
  - B R169,00
  - C R42,25
  - D Geen van die bogenoemde nie.
- (2)

1.1.4 Die waarskynlikheid om 'n leerder te kies wat Wiskundige Geletterdheid by 'n laerskool in Suid-Afrika doen, is ...

- A 50 %.
  - B 0,5.
  - C onmoontlik.
  - D seker.
- (2)

1.1.5 Die punt waar die uitgawes gelyk is aan die inkomste.

- A Wins
  - B Verlies
  - C Gelykbreek
  - D Oorskot
- (2)

- 1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.3) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.
- 1.2.1 Die organisasie wat vir die insameling van belasting in Suid-Afrika verantwoordelik is. (2)
- 1.2.2 Die verband tussen die lengte en massa van 'n persoon. (2)
- 1.2.3 Die mees gereelde telling in 'n datastel. (2)
- 1.3 'n Onlangse verslag toon dat 11,7 miljoen Suid-Afrikaners aanlyn inkopies doen en webwerwe met 'n breë produkreeks en betroubare betaalstelsels kies. Daar is 64,01 miljoen mense in Suid-Afrika volgens die sensus wat in 2024 uitgevoer is.
- 1.3.1 Skryf 11,7 miljoen in woorde. (2)
- 1.3.2 Bereken die aantal mense in Suid-Afrika wat nie aanlyn inkopies doen nie. (2)
- [20]**


**VRAAG 2**

- 2.1 Mnr. en mev. Soduku het 'n rekening van hul munisipale kantoor ontvang. Mnr. Soduku beweer dat die rekening vir die maand R1 200 sal wees. Die meterleser het die volgende lesings vir die vorige maand ingedien.

| DATUM VAN LESING | METERLESING (kl) |
|------------------|------------------|
| 13 Junie 2025    | 0001235          |
| 14 Julie 2025    | 0001321          |

| KILOLITER     | TARIEF IN SENT (BTW UITGESLUIT) |
|---------------|---------------------------------|
| 0 tot 6 kl    | 904                             |
| 7 tot 10 kl   | 1 027                           |
| 11 tot 20 kl  | 1 335                           |
| 21 kl en meer | 1 639                           |

- 2.1.1 Bereken die hoeveelheid water wat deur die Soduku-gesin van 13 Junie tot 14 Julie 2025 gebruik is. (2)
- 2.1.2 Verifieer of mnr. Soduku se bewering geldig is. (8)
- 2.2 Mnr. Soduku het R120 000 in 'n beleggingsrekening belê, waar verskeie opsies van rente vir hom gegee is. Die opsies word op die grafiek hieronder vertoon.



- 2.2.1 Bepaal die tipe rente wat deur opsie **A** verteenwoordig word. (2)
- 2.2.2 Gedurende watter jaar begin die twee opsies met 'n groter hoeveelheid verskil? (2)
- 2.2.3 Die bank en mnr. Soduku het ooreengekom op 15% p.j., jaarliks saamgestel. Bereken die rente wat hy na drie jaar ontvang het. (5)
- 2.2.4 Gee 'n rede waarom mnr. Soduku opsie **B** gekies het. (2)
- 2.3 Mnr. Soduku verdien R45 600 per maand. Hy dra 15% tot sy pensioen by om sy aftreespaargeld te verhoog. Hy het mediese fonds vir homself, sy vrou en twee kinders.

Hieronder is die belastingtabel en kortings vir die 2025/2026 belastingjaar.

**2025-BELASTINGJAAR (1 MAART 2025– 28 FEBRUARIE 2026).**

| BELASBARE INKOMSTE<br>(R) | BELASTINGKOERS (R)                                |
|---------------------------|---------------------------------------------------|
| 1–237 100                 | 18% van belasbare inkomste                        |
| 237 101–370 500           | 42 678 + 26% van belasbare inkomste bo 237 100    |
| 370 501–512 800           | 77 362 + 31% van belasbare inkomste bo 370 500    |
| 512 801–673 000           | 121 475 + 36% van belasbare inkomste bo 512 800   |
| 673 001–857 900           | 179 147 + 39% van belasbare inkomste bo 673 000   |
| 857 901– 1 817 000        | 251 258 + 41% van belasbare inkomste bo 857 900   |
| 1 817 001 en hoër         | 644 489 + 45% van belasbare inkomste bo 1 817 000 |

**KORTINGS**

|                                     |         |
|-------------------------------------|---------|
| Primêre korting                     | R17 235 |
| Sekondêre korting – 65 jaar en ouer | R9 444  |
| Tersiêre korting – 75 jaar en ouer  | R3 145  |

**MEDIESE BELASTINGKREDIET KOERSE**

| MEDIESE SKEMA BYDRAES                | KORTING PER MAAND |
|--------------------------------------|-------------------|
| Belastingbetaler                     | R364              |
| Belastingbetaler + eerste afhanklike | R728              |
| Elke bykomende afhanklike            | R251              |

- 2.3.1 Bereken mnr. Soduku se jaarlikse salaris. (2)
- 2.3.2 Bepaal die jaarlikse mediese belastingkrediet vir die Soduku-gesin. (3)
- 2.3.3 Wys hoe R77 362 in belastingkategorie drie bereken word. (3)
- 2.3.4 Bereken die maandelikse belasting vir mnr. Soduku indien hy vir twee kortings kwalifiseer. (8)


[37]

**VRAAG 3**

Graad 12-leerlinge skryf die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) deur die jaar, en dan 'n finale eksamen wat 75% van hul finale punt bydra.

By PSJ het 10 leerders hul SBA-uitslae en hul eindeksamenuitslae vergelyk.

| Leerder                     | A  | B  | C  | D  | E  | F  | G  | H  | I  | J  |
|-----------------------------|----|----|----|----|----|----|----|----|----|----|
| <b>SBA-punt</b>             | 45 | 52 | 46 | 65 | 63 | 71 | 82 | 24 | 83 | 81 |
| <b>November Eksamenpunt</b> | 61 | 41 | 46 | 74 | 81 | 65 | 80 | 16 | 74 | 86 |



- 3.1 Skryf die naam van die grafiek wat gebruik word om die resultate te wys, neer. (2)
- 3.2 Indien die eindeksamen 75% bydra, skryf die persentasie wat die SBA tot die finale punt bydra neer. (2)
- 3.3 Rangskik die November eksamenpunte in dalende volgorde. (2)
- 3.4 Bepaal die mediaanpunt van die November eksamenpunte, afgerond tot die naaste persentasie. (3)
- 3.5 Bereken die interkwartielreeks van die SBA-punte. (5)
- 3.6 Bepaal die waarskynlikheid, as 'n desimaal, om 'n leerder te kies wat 'n November eksamenpunt van meer as 70% behaal het. (3)

- 3.7 UMALUSI het 'n beleid wat bepaal dat indien die gemiddelde van die SBA die gemiddelde November-eksamenpunt met meer as 15% oorskry, dan sal hulle die SBA-punt skrap en die November-eksamenpunt gebruik om die finale punt te bepaal.

Bepaal of die resultate van die 10 leerders by PSJ die SBA-punt sal insluit. (8)

- 3.8 Die punte van leerder A, leerder D, leerder G en leerder H word in die staafgrafiek aangedui as óf die November-eksamenpunt óf die SBA-punt. Teken die staafgrafiek van die ontbrekende punte vir die vier leerders.

(4)  
[29]

**VRAAG 4**

Mnr. Soduku is genooi om 'n konferensie in Botswana by te woon. Hy het die verblyf, wisselkoerse en vlugte vir homself, sy vrou en twee kinders nagegaan. Die volgende inligting is van die agent.

**WISSELKOERSE**

| SUID-AFRIKAANSE RAND | BOTSWANA PULA (P) |
|----------------------|-------------------|
| 1                    | 0,7662            |
| 1,3052               | 1                 |

**VLUGTE**

| LUGDIENS     | RETOER PER PERSOON |
|--------------|--------------------|
| Air Botswana | P3 654,38          |
| Airlink      | P3 927,51          |

**AKKOMMODASIE**

| GASTEHUIS                      | PRYS VIR VYF NAGTE                             |
|--------------------------------|------------------------------------------------|
| Avani Gaborone Oord            | P16 780 insluitend belasting                   |
| City Mews on Independence      | P10 894 insluitend belasting                   |
| Crocodile Pools Oord           | P13 898 uitsluitend P262 belasting en heffings |
| Orange Grove Gastehuis         | P13 086 uitsluitend P262 belasting en heffings |
| Tlokweng Rose Garden Gastehuis | P7 832 uitsluitend P393 belasting en heffings  |

- 4.1 Skryf die swakker geldeenheid tussen die Pula en die Rand neer. (2)
- 4.2 Mnr. Soduku het 'n kwotasie aangevra sodat hy kon kyk of hy die reis kan bekostig. Die kwotasie is in Pula (P) gedoen. Mnr. Soduku het vir Airlink gekies, en hulle sal in die derde duurste gastehuis gehuisves word. Bereken die bedrag, in rand, wat mnr. Soduku benodig om die reis te dek. (5)
- 4.3 Bereken die omvang van die verblyfpryse. (3)
- 4.4 Die inflasiekoers vir die vorige jaar was 3,35%. Bereken die prys, in Pula, van die goedkoopste vlug die vorige jaar. (4)

**[14]****TOTAAL: 100**